DR. C. A. VAN PEURSEN, *Filosofische Oriëntasie. Een Inleiding in de wijsgerige Problematiek*, J. H. Kok N.V., Kampen, 1958, 275 pp.

Dr. van Peursen is 'n baie produktiewe skrywer en by ons ook reeds goed bekend. Ook ons studente maak dankbare gebruik van sy verskillende inleidings in die wysbegeerte.

Hierdie werk is 'n inleiding in die probleme op wysgerige gebied. Dit is verdeel in vyf dele: A. Kennis; B. Het Zijn; C. De Wereldbeschouwing; D. De Wereld; E. De Mens. 'n Sesde deel (F. Aanhangsel) gee verskillende aanwysings, 'n beknopte oorsig oor die geskiedenis van die wysbegeerte, 'n register van filosofiese begrippe en 'n naamregister.

Die werk is 'n inleiding en wil niks anders wees nie. 'n Inleiding lewer egter sy spesifieke probleme op: Dit moet helder en betreklik eenvoudig geskrywe wees; dit moet probleme nie ontwyk nie, maar duidelik aantoon, terwyl van die skrywer verwag word om stelling in te neem en die beginner rigting te gee; dit moet sy gebied so volledig moontlik dek, sonder om oorlaai te wees. Aan hierdie vereistes voldoen die werk van Dr. van Peursen uitmuntend.

Ek kan die werk ten sterkste by ons studente en elke wysgerig-geïnteresseerde aanbeveel. Ons sal die boek nog baie gebruik.

DR. P. S. DREYER